**Saterdag 27 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13:5-13; HK Sondag 8, Vraag 24**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:13**

## Die werk van die Drie-enige God

Op die vraag hoe die Twaalf Artikels ingedeel word, antwoord die Kategismus nie net met ’n formele indeling nie, maar met ’n belydenis wat die Christen se hart aanspreek: God die Vader en ons *skepping*, God die Seun en ons *verlossing*, God die Heilige Gees en ons *heiligmaking*. Vader, Seun en Heilige Gees werk saam om ons tot die ewige heerlikheid te bring.

*Die werk van die Vader*: Hy is die bron, oorsprong en onderhouer van alles. Hy is ons Skepper en ook ons Vader. Ons is die maaksel van sy hande. Soos ’n vader vir sy kinders sorg, so sorg Hy vir ons (Ps. 103:13). Hy dra ons deur die lewe en voorsien in alles wat ons nodig het (Matt. 6:31-33). Hy laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom. 8:28). Daarom is dit te verstaan dat die verlostes op die nuwe aarde die Vader as Skepper sal eer en prys. Hulle sal sê: “*Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskape het; deur u wil het alles onstaan en is dit geskep*” (Op. 4:11).

*Die werk van die Seun*: Deur die sonde het daar ’n kloof tussen God en ons gekom en ons het die dood oor onsself gebring. Deur die Seun is die wêreld egter met God versoen en is die dood oorwin. Dink na oor wat Hy gedoen het: die prysgee van die heerlikheid by die Vader (Joh. 17:5); die indaling in die wêreld vol ellende (Fil. 2:7); die vernedering en aflê van eie eer (Fil. 2:8); die vergadering van dié wat verlore is (Luk. 19:10); die genesing van dié wat siek was (Luk. 4:39); die verbreking van sondekettings (Luk. 19:8, 9); die oorwinning oor die dood (Mark. 16:5); die verlossing van die smarte van die hel (Matt. 27:46); die voorbidding vir sy kinders (Joh. 17). Wie sal die breedte en lengte en diepte en hoogte van sy liefde ooit kan deurgrond (Ef. 3:18)?

*Die werk van die Gees*: Dit is die Gees wat lewe gee (2 Kor. 3:6). Waar die Gees Hom onttrek, daar tree die dood in. Dit is die Gees wat ons lei tot ware bekering, ons aan Christus verbind en so aan ons die ewige lewe gee (Gal. 3:14). Hy maak tot ons eiendom wat Christus vir ons verwerf het (Joh. 16:14). Dit is die Gees wat ons lewens heilig – ook deur beproewings (Heb. 12:5-11). Hy laat ons al hoe meer na die wil van God vra, sodat ons elke dag nader aan Hom lewe (Ps. 73:28). Vader, Seun en Heilige Gees is al Drie ewe veel en ewe goed God – die Een nie minder as die Ander nie. Elkeen het egter ’n spesifieke plek en taak in die goddelike bestaan. Tog kan die drie Persone nooit van mekaar geskei word nie.